# Frikkadel die Spookhond



Fanie Viljoen
Johann Strauss

www.lapa.co.za

# 1 Die PERFEKTE hond

"Sjoe, Moksie! Het jy 'n dinosourus geëet? Waar kom al die poef vandaan?" vra Hugo Roets. Hy skep nog 'n bol met die graaf op. En gooi dit in die emmer. Moksie, die bulhond, hou hom met groot oë dop. Toe burp sy.

Hugo lag en vryf haar kop. "Toemaar, ek is nie kwaad nie. Ek doen dit omdat ek so lief is vir julle brakke!" Moksie lek Hugo se hand – seker om dankie te sê.

Hugo tel die emmer op. Hy stap na die volgende hondehok. POTE PARADYS is sy ma se plek. Hy het nie meer 'n pa nie. Sy ma het haar hande vol met al die honde in die

diereskuiling. Dis Hugo se werk om hokke skoon te maak. Daarna sorg hy dat elke hond kos en water het.

Onder in die gang is daar meteens voetstappe. "Ek soek 'n hond wat toertjies kan leer. En by my op die bed kan slaap. En my met wiskunde kan help," sê 'n meisie wat tussen die hokke afstap. Haar pa en ma is by haar.

Hugo draai na hulle toe. Dis die lekkerste van werk by die skuiling: **Die dag wanneer een van die honde aangeneem word.** Elke hond verdien 'n goeie lewe. En iemand wat hom lief sal hê.

Elke hond verdien 'n **vir-altyd-huis.**

Die meisie gaan staan by een van die hokke. Sy frommel haar neus. Skud haar kop. "Te groot," sê sy by Kaptein, die Alsatian, se hok.

Sy buk by 'n volgende hok. "Te klein," sê sy by Snoet, die mopshondjie.

"Ek weet watter een sal perfek wees," sê Hugo vir die meisie. "Moksie sal jou nie met wiskunde kan help nie. Maar sy is die oulikste

hond. Sy sal by jou waghou terwyl jy wiskunde doen."

"Moksie?" vra die meisie. Sy trek haar mond op 'n knop.

"Kom kyk!" roep Hugo. Hy lei die meisie aan die hand na Moksie se hok. "Sy is baie vriendelik." Hy maak die hok oop. Die meisie stap binne. Moksie gee 'n groot glimlag. Haar vet boude wikkel. Uiteindelik gee sy die meisie 'n sopnat lek met haar pienk tong.

Die meisie gril van plesier. "Ja-a-a! Ek wil vir Moksie hê!" roep sy en slaan haar arms om die hond se nek. Moksie se oë peul 'n bietjie groter. Maar dit lyk of sy in die hemel beland het.

Vandag het sy haar hondemens gekry!

"Jy het goeie werk gedoen," sê Hugo se ma. Sy is pas terug ná 'n inspeksie van Moksie se nuwe huis. Hugo is nog besig om die laaste hok skoon te was. "Vanaand slaap Moksie in haar vir-altyd-huis." Sy ma plak 'n klapsoen op Hugo


Pote Paradys

se wang. Hy maak asof hy nie daarvan hou nie. Maar eintlik is hy mal daaroor.

"Ag, dit was sommer niks, Ma," sê hy en vee die soen af. "Ek is net bly as elke hond 'n huis kry." Sy oë dwaal met die rye hokke af. Soveel honde, en almal soek 'n huis. Dit breek jou hart om hulle so in hokke te sien.

"Ek gaan nou loop, Hugo," sê sy ma. "Onthou, sluit die plek as jy klaar is. Ek weet ons bly net langsaan. Maar mens moet versigtig wees."

Hugo knik. Hy haal sy pet af en sit dit neer. Dan rol hy die tuinslang verder af om die laaste hok skoon te maak.

Uiteindelik is hy klaar. Al die honde het ook nou kos en skoon water. POTE PARADYS is stil, behalwe vir een of twee honde wat saggies blaf.

Moeg stap Hugo met die gang terug na die ontvangs. Hy skakel die hokke se ligte af. Hoekom hy juis op daardie oomblik terugdraai, weet hy nie.

Dalk is dit omdat iets sy oog gevang het.